# <u>FAK Internasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade  Ronde 2</u>

Graad 7

Die tweede ronde bestaan uit die volgende:

**Fase 1:** Skryf ’n opstel en maak ’n video. Dit moet teen **<u>3 Augustus</u>** ingestuur wees.

**Fase 2:** Die finale ronde 2-vraestel word op **<u>29 Augustus</u>** landwyd geskryf, by aangewysde punte wat later gekommunikeer sal word.

## Fase 1: OPSTEL

Kies **<u>EEN</u>** van die volgende twee temas en skryf ’n opstel daaroor:

Opsie A: My familiegeskiedenis

Opsie B: As ek dít kon verander ...

## Opsie A: My familiegeskiedenis

Elke familie het ’n unieke storie wat dikwels met die groter geskiedenis van ons land verweef is. Nou is dit jou beurt om jou familie se reis en vestiging te ontdek en te vertel!

**<u>Wat jy moet doen:</u>**

Voer ’n kort onderhoud met:

- ’n ouer;
- ’n grootouer; of
- ’n ouer familielid.

Gebruik die inligting wat jy versamel het om ’n <u>opstel van 500 tot 700 woorde</u> te skryf.

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou skryfstuk te gee:**

- **Die oorsprong van jou familie:** Waar kom jou familie oorspronklik vandaan? Waar het hulle gewoon en hoe het hulle oor die jare na ander plekke verhuis?
- **Jou familie se geskiedenis:** Wie was jou voorouers? Noem belangrike familielede en vertel kortliks van hul lewe en ervarings.
- **Belangrike familieverhale:** Vertel van ’n gebeurtenis of ervaring wat oor baie jare in julle familie oorvertel is.

- **Bydraes tot die gemeenskap:** Is daar iemand in jou familie wat ’n belangrike bydrae gelewer het of iets besonders bereik het? Verduidelik waarom hierdie persoon belangrik is.
- **Jou eie gedagtes:** Wat het jy uit hierdie navorsing geleer? Waarom is dit belangrik om jou familie se geskiedenis te ken en te bewaar?

**Wenk vir ’n wenopstel:**

Gebruik verskeie historiese feite om jou opstel te ondersteun. Sluit waar moontlik datums, plekke, name van mense, en ander belangrike besonderhede in. Organiseer jou opstel met ’n duidelike inleiding, hoofdeel en slot.

***<u>Of</u>***

## Opsie B: As ek dít kon verander ...

Dink terug aan die opwindende geskiedkundige tydperke wat jy reeds vanjaar bestudeer het. Verbeel jou dat jy in tyd kan terugreis en een spesifieke gebeurtenis, kritieke besluit of historiese uitkoms van daardie tydperk kan verander.

**<u>Wat jy moet doen:</u>**

Skryf ’n narratiewe historiese opstel <u>van tussen 500 en 700 woorde</u>.

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou skryfstuk te gee:**

- **Die geskiedkundige tydperk:** Beskryf die tydperk waarna jy terugreis en verduidelik kortliks wat destyds gebeur het.
- **Die gebeurtenis:** Verduidelik watter gebeurtenis of besluit jy wil verander.
- **Jou redes:** Waarom dink jy sou hierdie verandering belangrik gewees het? Motiveer jou antwoord met jou eie idees en historiese kennis.
- **Die gevolge van die verandering:** Hoe dink jy sou hierdie verandering die mense van daardie tyd beïnvloed het? Watter verskil sou dit aan die verloop van die geskiedenis gemaak het?
- **Die invloed op vandag:** Hoe sou Suid-Afrika of die wêreld vandag anders gewees het as hierdie verandering plaasgevind het?

**Wenk vir ’n wenopstel:**

Gebruik verskeie historiese feite, soos belangrike datums, mense en gebeurtenisse, om jou idees te ondersteun. Daar is nie ’n regte of verkeerde antwoord nie. Ons wil sien hoe goed jy die geskiedenis verstaan en hoe kreatief en krities jy daaroor kan dink.

**<u>Die opstel moet in Word-dokumentformaat na olimpiade@fak.org.za gestuur word.</u>**

Die dokument moet 'n Header bevat wat jou: Naam, Van, Graad, Skool, Provinsie en keuse van opstel bevat

*Bv. Megan Davies, 8, AHMP, Gauteng, Opsie A*

*Die volgende is wat nasieners in ag sal neem om jou opstel te merk:*

**OPDRAG 1: OPSTEL (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**
**Kategorie Punte**

| | |
|---|---|
| Inhoud en onderwerpbegrip | 20 |
| Geskiedkundige feite en navorsing | 25 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 15 |
| Logiese struktuur en vloei | 15 |
| Persoonlike insig, argument of storievertelling | 15 |
| Taalgebruik, spelling en aanbieding | 10 |
| **Totaal** | **100** |

***<u>En</u>***

## Fase 1: Video- Geskiedenis lééf

Geskiedenis is oral om ons. Monumente, standbeelde en historiese bakens help ons om die stories van die verlede te onthou. Nou is dit jou kans om die waarheid en die persoonlike stories agter hierdie geskiedkundige terreine te vertel.

**Wat moet jy doen?**

1. Besoek 'n monument, standbeeld of historiese baken wat vir jou interessant is.
2. Neem **ten minste twee foto's** van die plek.
3. Maak **'n video van 2 tot 4 minute** waarin jy die geskiedenis en betekenis van die monument, standbeeld of historiese baken verduidelik.

**Oorweeg die volgende om diepte en konteks aan jou video te gee:**

- **Naam en ligging:** Wat is die naam van die monument of historiese baken en waar is dit geleë?
- **Die geskiedenis van die plek:** Vertel die verhaal van die monument of baken. Gebruik **2 tot 3 historiese feite**, soos datums, belangrike mense en gebeurtenisse.
- **Waarom is dit opgerig?** Verduidelik waarom die monument of baken opgerig is en wat dit herdenk.

- **Waarom is dit belangrik?** Waarom is hierdie plek vandag nog belangrik vir ons geskiedenis?
- **Bewaring:** Waarom is dit belangrik om hierdie monument of historiese baken vir toekomstige geslagte te beskerm?

**Wenk vir ’n spogvideo:**

Gebruik jou foto’s, kaarte of ander visuele hulpmiddels in jou video. Wees kreatief! Jy kan:

- aantrek soos iemand uit dié geskiedkundige tydperk;
- ’n kort toneel opvoer; of
- voorwerpe of rekwisiete gebruik om jou aanbieding interessanter te maak.

Moenie net feite voorlees nie. Vertel die geskiedenis met selfvertroue en gebruik jou eie woorde.

**Onthou**

Die beste inskrywings wys:

- deeglike navorsing;
- korrekte historiese feite;
- kritiese denke;
- kreatiwiteit; en
- ’n goed georganiseerde aanbieding.

**Die video moet na olimpiade@fak.org.za gestuur word via WeTransfer!**

Om jou te help WeTransfer gebruik kyk *:* https://www.youtube.com/watch?v=gmzMsSCKj4E

Dokument Titel (vir albei video en opstel moet) :

**GO 2026: Leerder Naam en Van, Graad, Skool Naam , tipe**

*Bv. GO 2026: Megan Davies, 8, AHMP, video*

*Die volgende rubriek sal gebruik word om jou video te beoordeel:*

**OPDRAG 2: VIDEO-UITDAGING (100 PUNTE)**
**Beoordelingsrubriek**

| **Kategorie** | **Punte** |
|---|---|
| Geskiedkundige akkuraatheid en navorsing | 30 |
| Aanbieding en storievertelling | 20 |
| Kreatiwiteit en oorspronklikheid | 20 |
| Waarom die monument/baken bewaar moet word | 10 |
| Gebruik van feite, datums en historiese persone | 10 |
| Tegniese gehalte (klank, beeld en verstaanbaarheid) | 10 |
| **Totaal** | 100 |

Wys jou passie vir die geskiedenis en verras ons met jou kreatiwiteit, navorsing en aanbieding! Die beste inskrywings is dié wat goeie navorsing met kreatiewe aanbieding kombineer. Maak seker dat jou feite korrek is, jou bronne betroubaar is en dat jy trots is op die werk wat jy indien. Dit is belangrik dat dit jou eie, oorspronklike werk is.

**Ons sien uit daarna om jou unieke geskiedenisverhaal te ontdek!**